**SENWES BEPERK**
**(INGELYF IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)**
**Registrasienommer 1997/005336/06**
**(“Senwes" of “die Maatskappy”)**

---

**VERLENGING EN WYSIGING VAN DIE TERUGKOOPPROGRAM (“DIE PROGRAM”)**

Aandeelhouers word verwys na die kennisgewing van 6 Desember 2024.

Senwes gee hiermee kennis aan sy aandeelhouers dat die Maatskappy terugkope van Senwes-aandele op die OTC-aandeelverhandelingstoonbank ("die OTC") sal voortsit. Die direksie het ’n verdere bedrag van R15 miljoen vir die doel goedgekeur bykomend tot die R62,5 miljoen wat reeds vir die Program geallokeer is.

Alle terugkope in terme van die Program is in ooreenstemming met die algemene magtiging wat per spesiale besluit deur aandeelhouers verleen is by die Maatskappy se algemene jaarvergadering gehou op 28 Augustus 2025 en ingevolge die bepalings van artikels 44 en 48(2)(b) van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig (“die Wet”). Die aandele wat op hierdie wyse teruggekoop word, sal as tesourieaandele gehou word, soos voorsien word in artikel 48(2)(b) van die Wet.

In terme van die Program sal die prysband van R19,20 tot R20,00 per Senwes-aandeel verander en wissel tussen R19,50 en R20,00 per aandeel. Die maksimum totale aantal Senwes-aandele wat teruggekoop word, ongeag die totale terugkoopprys wat betaal word, sal minder as 0,4% (nul komma vier persent) van die totale uitgereikte kapitaal wees.

Aangesien die koopprys van aandele vir die Program gebaseer is op die huidige werklike gemiddelde markprys van die Senwes-aandele, is die direksie van mening dat die terugkoopaanbod billik en redelik is. Die rekorddatum vir deelname deur aandeelhouers aan die Program is 22 September 2025.

**IN OPDRAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE**

**EM JOYNT (MEV)**
**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS**
**19 September 2025**